


# BASIESE BESIGHEIDSPRAKTYK

KORT KURSUS

## Doel van die program:

Die doel van die "New Venture Creation" vaardigheidsprogram is om studente wat potensiële en/of bestaande entrepreneurs kan word/is, voor te berei om te kan kapitaliseer op geleenthede om 'n volhoubare besigheid te begin en te laat groei. Hierdie kort kursus is ontwerp vir leerders wat van voorneme is om hul eie ondernemings op die been te bring of reeds een op die been gebring het. Dit sal die leerders in staat stel om die vereistes van 'n nuwe onderneming te verstaan, insluitend aspekte soos bemarkingsaktiwiteite, finansiële verpligtinge en vereistes, besigheidstrukture, watter vaardighede en talente 'n entrepreneur moet hê en soveel meer.

## Wat sal die studente leer?

Die student sal kennis in die volgende areas opdoen: die begin van 'n nuwe onderneming, beskryf wat entrepreneurskap is, eienskappe, persoonlikheid en talente van 'n suksesvolle entrepreneur, die ontwikkeling van 'n persoonlike- en 'n sakeplan, die bepaling van nuwe sake-idees, evaluering van marktoestande om haalbaarheid te bepaal, die makro-, mikro- en markfaktore vir die besigheid, evaluering van kompetisie, identifisering en implementering van bemarkingsnavorsingsprojekte en om marksegmentering te bepaal.

Die individu sal ook blootstelling kry aan die identifisering en implementering van die bemarkingsmengsel om 'n bemarkingstrategie te ontwerp; die belangrikheid en meting van kliënttevredenheid; die identifisering van die verskil tussen kliënttevredenheid en kliëntondersteuning; en die benadering om die korrekte prysstrategie te bepaal en die koste van 'n produk of diens te beraam.

Individue sal na voltooiing van die program in staat wees om 'n basiese besigheidsplan vir 'n nuwe onderneming te ontwikkel, en sal die nodige kennis opdoen om basiese finansiële state te identifiseer en te lees, weet hoe om finansies en kontantvloei te bestuur en basiese boekhoudingvereistes te verstaan om 'n gesonde en volhoubare nuwe sake-onderneming te handhaaf.

| | |
|---|---|
| Kort kursus | **Basiese Besigheidspraktyk** |
| Tydperk | 18 weke. |
| Kontaktyd | 2 dae 'n week.<br>*18:00-21:00, Maandag tot Donder*dag. Rooster sal voorsien word. |
| Toelatingsvereistes | • Wiskunde Geletterdheid en Kommunikasie<br>• Gr11 / NKR Vlak 2 |
| Assessering | 'n Portefeulje met teoretiese en toegepaste praktiese assessering (besigheidsplan) word vereis. |
| Koste van leerprogram | R 14 680 |
| Toerusting benodig | Aankoop van toerusting is die student se eie verantwoordelikheid.<br>· Wetenskaplike sakrekenaar vir berekeninge |
| Akkreditasie | Nie-kredietdraend nie. |

Kliek hier